R E S E N S I E

## RONDOM DIE TEEKAN. GESPREKKE OOR KONSEKWENTE, POSITIEWE CHRISTELIKE LEWENSWANDEL OP DIE KAMPUS.

Reeks f3: No. 25. Versamelwerke van die IRS, Potchefstroom, 1985.

Onder die goedgekose titel RONDOM DIE TEEKAN publiseer die Instituut vir Reformatoriese Studie aan die PU vir CHO in 1985 'n bundel "gesprekke oor konsekwente, positiewe Christelike lewenswandel op die kampus", soos die beskrywende subtitel dit kernagtig en betekenisgelade stel. Want dit gaan in hierdie boekie nie oor 'n reeks moets en moenies nie, maar oor 'n integrale Christelike lewenstyl wat al die student se doen, én late, deursuurdeeg, sy wel én sy wee. Vanuit die dinamiek van die Christelike geloof wat op die reformatoriese vertolking van die Skrif berus, word hier 'n visie op lewe en mens gegenereer wat nie anders as bevrugtend en verrykend vir die student kan wees nie.

Die reeks gesprekke word begin met 'n werklik geïnspireerde stuk deur (prof.) Bennie van der Walt, *Vivat academica*, wat prikkelend, soepel en veral ter sake skryf oor hoe die Christelike lewenswandel in die spesifiek akademiese kant van die student se lewe tot vergestalting kom, dus in sy studie en ander kampusbedrywighede. Dié verruimende, verrykende Christelike lewensvisie het noodwendig tot gevolg 'n onvergelyklike vol lewenskwaliteit vir die student as wetenskaplike en totale mens in die hele spektrum van verhoudinge tot God, medemens en werklikheid.

Hierdie bevrydende boodskap van die inleidende stuk eggo die volle betekenis van die woord "evangelie", en dien as die stemvurk vir die daarop volgende bydraes oor die Christenstudent in die mikrokosmos van die universiteit te midde van die makrokosmos van God se Koninkryk.

Wat so waardevol van die bundel is, is dat die gesprekke net so konkreet en informeel is as wat die titel suggereer. Natuurlik is die Skriftuurlike begronding daar, maar die idees word divisies om mee te velde te gaan,

'n gedugte toerusting. Daar word gepraat oor baas of slaaf van jouself te wees (Martin Lazenby), van sleep tot slaap (Etienne Schalekamp), of jou tong uit die hemel of uit die hel aangesteek is (Nick Bezuidenhout), die taal van ons klere (Johan de Jager), 'n biertjie vir die plesiertjie (Theuns Eloff), oor dans (Paul de Bruyn), volwassenheid en verantwoordelikheid (Jan van den Berg), 'n gesonde groepgees (Cassie Venter), en daar is 'n stuk wat op gevatte wyse "net vir dames" genoem word (Kobus van der Walt) en een deur Marie Wissing "net vir mans".

Toonaard en onderwerp wissel soos die sentrale tema in sy praktiese nuanses uitgewerk word. Daarom praat Bennie van der Walt ook in die dertiende bydrae oor die keuse van 'n lewensmaat, beklemtoon Roelf Coertze die goeie balans van tydsbenutting, word die bundel ook deurgestruktureer om uit te loop op die toekomsverwagting van die jongmens (Ben de Klerk), die opvoedende en stabiliserende rol van die Christelike gemeenskap (al gebruik die skrywer die bra negatief gelade woord "gemeenskapsensuur"). As sluitstuk is daar die besielende Op die Marathonpad wat onder meer klem laat val op selfdissipline én die beloning daarvan, geskryf deur die inleier van die geskakeerde maar goed georkestreerde koor van gesprekvoerders.

'n Gesprek van hierdie karakter en kwaliteit, rondom 'n metaforiese teekan, is (in die woorde van Opperman) in wese deel van die onvoltooide groot gesprek wat die Godgelowige voer. Hier is belangrike riglyne gegee, nuttige raad, tot nadenke stemmende wenke en veral verhelderende perspektiewe op die ware Christelike styl van wat ons sewentiende eeuse Nederlandse voorvaders genoem het "wellevenskunst". Sinvol en vreugdevol leef is voorwaar 'n kuns, 'n kunde en bowenal 'n genade.

P.D. VAN DER WALT